# BASIES

Helfte van die man wat hy was, of "Hoe om agtien kilogram in twee maande te verloor."



Die Kleinboet. Basies. Maart 1983

Ek is my pa se oudste seun, maar nie die eerste een om weermag toe te gaan nie. My kleinboet was. Ons het hoë verwagtinge gehad dat hy die oorlog op sy eie sou wen. Maar, na aan die einde van sy diensplig, het die wete op nasionale vlak ingeskop dat dit nie so sou wees nie. Hy het dit goed gedink om 'n bietjie oorlog vir ons te los. Daar is op hoë vlak besluit dat ek moes deelneem aan die gewapende konflik. Volk en Vaderland het op my knoppie gedruk.

Dit was nie heeltemal onverklaarbaar nie. Ek was tog duidelik die man vir die oomblik. Ek het agt-en-twintig weldeurleefde somers – en 'n paar grade – agter die blad gehad. Ek was 'n man van aansien, kan jy sê.

Gedurende my laaste paar jaar op universiteit het ek by 'n gemeente in Delmas gewerk. Een van my besoekpunte was 'n oud-minister. 'n Waardige man waarna almal opgesien het. Inderdaad. Tog het hy my belangrik laat voel. Wanneer ek by sy plaas aangekom het, het hy my ontvang asof ek die profeet Elia was. My protesteringe dat ek slegs 'n proponent is, ten spyt, het hy geweier om my enige iets anders as "Dominee" te noem. So 'n besoek het my selfbeeld opgeblaas totdat ek amper nie in my Volksie kon pas nie. 'n Man van aansien, sê ek julle.

Nie dat die S.A.W. my erg waardig geag het nie. Hulle het my soos 'n gewone skoolkind in 'n iesegrimmige, raserige bus aangery na die Leërgimnasium te Heidelberg. Ek gee my eerste tree uit die vervoermiddel met al die nonchalantheid wat my status verdien. Voor my staan 'n klein, rondegesig kopperaaltjie van so om en by die agtien jaar. Met sulke klein skreefogies. Sy hele voorkoms herinner jou aan 'n spaarvarkie. Dit is uit sy mond wat die S.A.W. sy eerste woorde tot my rig.

Hy gaan staan reg voor my en sê:

“En wat maak jy hier… snotneus?”

*Snotneus?* Ek weet wat hier aangaan. Daar is ’n hele hoop puik kursusse wat jou leer om mense se selfbeeld te bou. Hierdie broer het dit duidelik nie bygewoon nie. Van “How to make friends and influence people” het hy nog nooit gehoor nie.

*** ****

My menswaardigheid het ’n verdere knou gekry toe ons klere uitgereik is. Daar is mos net twee groottes in die Amie: Te groot en te klein. Pas jou klere is jy gebreklik. Dit weet ons mos almal. My klere het gepas…

*** ****

*They say that in the Army*
*The boots are so divine*
*You ask for number seven,*
*They give you number nine…*

*** ****

Ek is, glo dat as jy wil, met twee linkervoetsandale uitgereik. Van dag een af het ek gekla hieroor. Elke inspeksie het hulle daar gestaan, neffens mekaar. Niemand het ooit ’n aanmerking daaroor gemaak nie. Party inspekteurs het die goed wel opgelig om te sien of die sole skoon is. En hulle dan

weer neergesit. Die een links en die ander net so. Wanneer ons sandale moes dra het ek die een (enige een) aan my linkervoet getrek en die ander een in my hand gedra. Hierdie saak is nooit as vreemd deur enige lid van die leiergroep ervaar nie. Nie tydens inspeksie of enige ander geleentheid nie.

*Miskien is daar manne met meer as een linkervoet?*

**** ***

Dit is die (wan-)uitreiking van onderbroeke wat vir Kleinboet bitter gemaak het.

Jy kry meeste van jou toerusting in een van daardie enorme, groen, metaaltrommels. Op die grasperk voor die store moet alles nagegaan word. Die weermag dring daarop aan dat jy sal teken vir alles wat jy ontvang. Net sodat jy nooit ondankbaar kan wees nie. ’n Korporaal lees die items van ’n lys af. Die manne spoor dit in hulle trommels op en hou dit hoog. As jy iets nie het nie, sê jy so. Broeke, hemde, bosbaadjies, trui, kouse, onderhemde, onderbroeke…

Het almal onderbroeke? Kleinboet grawe van die een kant van sy trommel en terug na die ander kant toe. Soos ’n basterfoxterrier wat ’n begraafde been soek. Niks onderbroeke nie. Hy doen verslag van die gebrek.

“Nou vir wat wil jy onderbroeke hê?”, wil die korporaal weet. “Het jy nie jou eie saamgebring nie?” Natuurlik het hy.

Kleinboet voel manmoediglik dat hy met hierdie verlies kan lewe. Hy het na alles regtig sy eie onderbroeke saamgebring. Buitendien, weermagonderbroeke kan aaklige goed wees. Dis bruin en sakkerig. Lyk soos die goed wat

Superman oor sy sykouse aantrek. Die res van die manne dra maar die goed. Hulle het dit mos verniet gekry. Kleinboet is tevrede dat hy die vyand met welslae sal kan beveg al dra hy onder sy bruinbroek ’n veelkleurige m-grootte Jockey. Geen probleem nie.

Tot aan die einde van basies. ’n Toerustinginspeksie word gehou. As jy iets kort, moet jy dit aankoop. Of anders gaan jy nie op pas nie. Afpersing. Die korporaal lees dieselfde lys voor, dié keer in die kaserne. Hemde, broeke, trui, kouse, onderbroeke… Onderbroeke? Kleinboet rapporteer sy tekort. Die korporaal haal ’n papier uit waarop Kleinboet geteken het. Einde van die argument. In die weermag het papier die finale sê. Kleinboet gee in. Hy wil graag huis toe gaan op pas. Hy betaal vir die ellendige goed. Vir ’n troep wat dié tyd ’n besoldiging van R4-64 per dag – voor aftrekkings – ontvang het, is dit ’n gevoelige verlies.

Na sy pas gee hulle vir Kleinboet sy nuwe onderbroeke. Hy trek dit aan, tot by sy kuite. Dis nie m-grootte nie. Dit is nie eers s-grootte nie. Sy onderbroeke sou vir ’n liggewig van Lilliput diepeaarse trombose gegee het. Waar het die Amie dié goed gekry? By ’n boy-scout surplusstoor vir pigmeë?

Later gebruik hy dit vir deurtreklappies om sy geweer skoon te maak. Nie vir lank nie. Jy kan nie baie two-by-fours sny uit so ’n klein onderbroek nie.

*** ****

Seker mites sterf ’n vroeë dood in die weermag. ’n Ou se ma het mos gesê dit is goed dat jy Amie toe gaan sodat jy ’n man kan word. Sodat jy kan leer van mannegoed. Een

van die twee Joodse rabbi’s wat saam met ons was, het aan my uitgewys dat al wat hy in die eerste weke van mannegoed geleer het is om bed op te maak, klere te stryk, knope aan te werk, dinge met Brasso blink te vryf, toilette te skrop, wasbakke en baddens skoon te maak, gange te vee, vensters te was…

**** ***

Wie kan daardie eerste ontmoeting met die barbier vergeet? Of verwerk? Ek het geleer dat ’n barbier met ’n pankop ’n gevaarlike man is. Barbier? “Haar*kapper*” is ’n beter benaming, want so ’n man het ’n afkeur in glimmende haardosse en glo daarin dat dit in wortels afgekap moet word. Daar staan almal aan die een kant van die geboutjie in ’n lang ry. Hulle gesels en skerts. Dis net baarde, snorre en hare waar jy kyk. Dit is die middel-tagtigs en slap kuiwe, saaidies en hare oor die ore is net die ding vir baie. Maar daar is ook die uitspattiges weerskante van die ewenaar, dié stoere soort met baie kort hare en die meer sensitiewe afvalliges met baie lang hare. Daar is deurmekaar hare en hare wat blink en glad gekam is. ’n Paar manne het ’n besondere verhouding met hulle hare en vertroetel dit met die sorg van bonzaikwekers. Sulke welige, glimmende, golwende hoofsierade. Laat ’n man aan Absolom dink. Hulle het dit tot aan die einde gesjampoe, ge-opknapper, geblaas, geborsel en die vingers daardeur gestreel. Die haarkapper het dié soort verpes. Lang hare vat langer om te sny en wie het nou die tyd om aldag, elke dag te staan en langhaarfiefe se lokke uit te sorteer?

Hierdie onnadenkende takhare se onsensitiwiteit is

gebalanseer deur ’n heel ander soort. Hulle het gedink hulle kan die harelaksman voorspring deur met kort hare daar aan te kom. Dit het die haarkapper aggressief gemaak. Hy word per kop betaal. Wat probeer hulle doen? Kos uit sy kinders se mond haal? As jou hare kort is, sny hy dit korter.

Vandag se modebehepte jeug glo dit seker moeilik maar die haarkapper het nie voorsiening gemaak vir katalogusse waardeur jy kon blaai om ’n haarstyl te kies wat by jou besondere gesigstruktuur, persoonlikheid en lewenstyl pas nie. Die haarkapper het bloot almal se hare afgesny. Morsaf. “Kort” is nie die regte beskrywing nie. “Weg” is nader aan die waarheid. Die mens se sieraad vorm nou nie meer ’n eenheid nie. Dis elke haar vir homself. Daar is net so ’n skynsel van hare oor. Dit vat twee weke se groei vir die hare om ’n borselkop te word.

Aan die ingaankant is daar identiteit. Mense wat jy kan herken en uitken. Pelle van die fakulteit. Almal anders, elkeen ’n individu, so verskillend soos hulle haarstyle.

Dit is nie hulle wat by die anderkant uitkom nie. Daar kan nie van haarstyl gepraat word nie. Dit sal die teenwoordigheid van hare impliseer. Almal lyk van die nek af boontoe dieselfde. Weet jy hoe rond jou kop is as al jou hare weggesny is? Al jou identiteit is uitgesny. Op daardie oomblik dink jy jy sal nooit weer dieselfde wees nie.

*Jy is reg.*

*** ****

Inspeksie! Ek gee jou ’n brief jy sal dit nooit vergeet nie. Ek wed jou ook joune was nooit reg nie. Hulle vertel jou net van manne wie se inspeksie reg was maar dit klink na ’n mite. Jy het self nog nooit so ’n man ontmoet nie, laat staan maar om so ’n inspeksie te sien. Daar was definitief nie sulke manne in jou peloton nie. So gepraat, ek wed jou jy was in die “slegste inname wat die weermag ooit beleef het.” Die rang sê so, en hulle sal nie lieg nie? Sal hulle? Die manne voor jou, nou kyk, dáár was nou soldate. Maar jy en jou seksie? Die slegste uitvaagsels wat ooit die Amie met hulle teenwoordigheid besoedel het. Julle was laag – laer as slangskaduwee op die bodem van die afvoerslote langs die menasiemuur.

Die derde Vrydag van basies was die dag van dáárdie inspeksie wat deur dáárdie sersant gehou is. ’n Vreeslike man. Al my herinneringe van hom is in my geheue geliasseer onder: “Gevaarlik – Los Uit!” Tog, as ek die prentjie van hom in my gedagte nou so sit en bekyk, het hy nie so vreesaanjaend gelyk nie. Klein, skraal met ’n boeppensie, yl geel-rooi hare en ’n aarbekrabbelde, skarlaken patatneus. Ek verstaan hy was dán ’n sersant, dán ’n korporaal, weer sersant, kortstondig ’n stafsersant, weer sersant, ens. Dit was asof hierdie rang die werkende kerf was waarvoor hy ontwerp is. Hy was maar ’n sersant en ’n sersant sou hy maar altyd wees.

Sy gemoedstoestand was nooit goed nie. Hy het nie daarin geglo nie. Ek vermoed as hy in ’n goeie bui wakker geword het, het hy homself gebyt totdat hy beter voel.

Maar kon hy ’n peptalk hou! Eendag was ons amper breindood toe ons uit die gym kom. Deur die jare het hulle ’n gruwelike foltering ontwikkel wat hulle ewe eufemisties as oefening geklassifiseer het. Die naam daarvan is “rack-jumps”. Jy hou ’n rekbalk voor jou vas en skop agter op sodat

jou voete jou boude klap. Eenvoudig. Dodelik. As jy twintig "rack-jumps" gedoen het, voel dit asof jy dit die heeldag kan doen. Na vyf-en-twintig is jy nie meer so seker nie en na dertig dink jy jy gaan dood. Ons het so 'n klompie meer as 'n honderd gedoen. Ek het nie geweet hoe ek by my stewels buite die gebou sou kom nie. Daarna het ek nie geweet hoe om hulle aan te trek nie. Ook nie waaraan nie. Alles onder my knieë was verlore. Ek dink dit het in die gym agtergebly.

Die weermag is nooit tevrede nie en verwag dikwels die onmoontlike. Buite die gym wil hulle hê ons moet teerpale vat en daarmee rondhardloop. Ons sê ons kan nie. Die sarge sê issie, ons kán. Ons is nederig maar ferm. Nee, ons kan regtig nie. Die sarge, vernuftige militêre psigoloog wat hy is, vertel ons toe van 'n pêl van hom wat op die grens deur 'n Bubble-'n'-Squeak Bedford getrap is. Ek dink dit was omdat die perd nie fiks was nie. Of miskien het hy sy bene in die gym laat lê. Ek was nie seker oor die motief van die vertelling nie, maar ek was net daar en dan lus en gryp 'n paal en hol onder 'n Bedford in. Gekkigheid, sê jy? Ja, maar dit is die soort onredelike vrees wat 'n mens beetgepak het as Gertjie naby was.

Dit was hierdie selfde prins van 'n man wat die inspeksie daardie donker Vrydag waargeneem het. Almal het soos Aspoestertjies gewerk om hulle beddens, kaste, trommels en toerusting so na as moontlik aan perfek diékant van die graf te kry. Almal behalwe Cohen (nie sy regte naam nie). Hy was een van ons rabbi-kamerade. Hy was stilweg oortuig dat Vlad die Deursteker - Sersant Gertjie - nie sou opdaag vir inspeksie nie.

"Inside information", het die man geheimsinniglik verduidelik.

Cohen was nie die eerste mens om ongedaan gemaak te word deur 'n gerug (of "roemer" in Amietaal) nie. Ja, sy profesie was verkeerd. Verskriklik verkeerd. In Ou Testamentiese tye sou so 'n valse profeet gestenig gewees het. Nie dat dit 'n veel erger lot sou wees nie. Sy kordaat voorspelling van die sersant se gedrag het die ellende op hom en dié rondom hom losgelaat. Ellende. Vergeet maar van die negende plaag. Roep Swart September nie in die geheue op nie. Dink nie meer aan St. Bartholomeusnag nie. Of aan Bloedrivier of Sharpeville of die D-Dag landings nie.

Lank leef die Vrydag in Januarie.

My seksie was ingeperk op die boonste verdieping van die kaserneblok. Cohen was op verdieping twee. Toe hy die krete hoor wat die sersant se inspeksie op die eerste verdieping aandui, het hy in alleryl probeer red wat ter redde is. Die term "two minute warning" is hier van toepassing. Twee minute is nie genoeg tyd om 'n inspeksie uit te pak nie. Nie naasteby nie. Toe Gertjie (ons bedien die sersant maar met hierdie skuilnaam) in die kamer kom, was die somtotaal van Cohen se voorbereidings 'n laken wat so lossies oor sy bed gedrapeer is met sy handdoek daaroor. Die bed self het so skeef en mankoliekig soos 'n driebeenhond gestaan want die res van Cohen se toerusting was daaronder ingestop en het die een poot gelig. Te min te laat.

Ek was veertig meter en twee verdiepings verwyder van die toneel. Ek kon die detail van Gertjie se uitbarsting hoor. Nie dat dit 'n betekenisvolle bydrae gemaak het tot ons taalerfenis nie. Gertjie het nie 'n groot verskeidenheid woorde tot sy beskikking gehad nie en dié wat hy geken het, moes hy in 'n wye reeks kombinasies gebruik. Veral een woord – wat herinner aan die kraai wat in die berg vasvlie – het hy met

groot nadruk gebruik. Oor en oor.

Later het ek vertroulik gehoor dat, nadat die sersant hom uitgetrap en uit sy kamer gestoom het, Cohen agterna geloop het. Nadat hy die sersant se aandag met ’n ligte tikkie op die skouer getrek het, het die rabbi vol stywe verontwaardiging gesê: “Sergeant, pardon me, but that is no way in which human beings associate with each other!”

Die essensie van Gertjie se antwoord – gestroop van sy gunsteling byvoeglike naamwoord (en bywoord en werkwoord) – was dat hy homself nie skaar by die spesie Homo Sapiens nie. Hy voel homself meer aangetrokke by dié van Crotalus Adamanteus. Die ratelslang.

*Hoor my lied:*
*Ratelslange het nie gewetensprobleme nie. Dit sou ’n gewete geïmpliseer het. Ratelslange jaag ook nie religieuse, Joodse “human beings” en dié se kamerade rond totdat hulle hulle Rice Crispies en poeiereiers opbring nie.*

*** ****

Cohen het daarna nog net een inspeksie beleef. Dit is gehou deur korporaal Meintjies. Hierdie was self ’n taai man wat hom nie deur koue pampoen laat ontspoor het nie. Tog kon ek sien die man is nie sy bombastiese self toe hy by my kom nie.

Hy was nou net in Cohen se kamer, verduidelik die gestreepte. Volgens hom het die rabbi in die middel van die kamer gestaan.

“Hy het so ’n lang rok of ’n mantel of ’n ding aangehad”,

gaan Meintjies in ’n gedempte toon voort. “Op sy voorkop was ’n ding wat lyk soos ’n mynwerker se lamp. Hy was besig om stadig te wieg soos ’n baie ou ninja, terwyl hy geluide maak soos ’n Apache wat weerlig besweer.”

Meintjies was nie die soort wat homself maklik laat intimideer het nie. Tog het die petalje duidelik ’n diep indruk op hom gelaat. Die woord het versprei en Cohen se kamer is daarna versigtig deur alle rang tydens inspeksie vermy.

**** ***

Meintjies het nie die grensoorlog oorleef nie. Hy was een van die seiners wat in die damwal by Calueque was toe die FAPLA-magte dit gebombardeer het.

**** ***

Dit vat nie baie mense om te besluit om ’n oorlog te maak nie. Dit verg ook relatief min van hulle om die weermag se deelname daaraan te beplan. Maar dit vat ’n groot hoop doodgoeie latte om die oorlog uiteindelik te bedryf. Die formule was eenvoudig: Die paar besluitnemers het gekonkel en besluit wat gedoen moet word en die groot hoeveelheid minder bevoorregtes het hierdie planne uitgevoer. In ’n demokratiese land het ons dus die ironie gehad dat die demokrasie beskerm is deur ’n volslae outokratiese stelsel. Vryheid, gelykheid en broederskap, inderdaad, maar die weermag is streng volgens klasse verdeel.

So kry ons dat ’n verlepte, puisiegevreet tiener met ’n wrok

teen die samelewing so ʼn verveelde wuif met die hand maak. En veertigstuks uitgegroeide, selfs vername, manne slaat skof-in-die-stof op hulle rûe neer. Hoekom? Wat maak hierdie mannetjie so magtig? Is hy ʼn ghoeroe, ʼn massahipnotiseur, ʼn televangelis? Nee, maar hy het iets wat al die omvallers saam nie het nie. Twee strepe. Hy is ʼn korporaal en hulle is maar net troepe. Elkeen van hulle mag sterker, slimmer, vinniger, dapperder as hy wees, maar sy mag oor hulle is haas onbeperk. Op die slagveld kan dit letterlik tot so ver as lewe en dood strek.

Maar hoekom? Waar kom hierdie mag vandaan? Wat is die skakelaars, die katrolle en kabels daarvan? Vrees, meneer, vrees en agterdog. Die weermag is verdeel in groepe wat mekaar deurentyd verdink en vrees. En die weermag het ʼn onwrikbare credo: Jy gehoorsaam enige lid met ʼn hoër rang as jy. Anders? Anders daal die volle geweld van die ganse organisasie op jou neer. So lank jy dit glo is jy, en almal soos jy, stopverf in die hand van enige verveelde uitvaagsel met ʼn hoër rang as jy. So word die hele onbuigsame organisasie aanmekaar gehou. Daar is nie sprake van ʼn magsbalans nie. Al die mag is na boontoe gekanaliseer. En hoe hoër, hoe magtiger is die versameling maghebbers en hoe meer eksklusief is hulle ledetal en hoe meer gespesialiseerd is hulle in die doeltreffende toepassing van vrees.

Gou kom jy agter dat almal in die weermag bang is vir iemand. ʼn Korporaal boesem meer vrees as Hannibal Lecter by ʼn troep in. Sy elke beweging word dopgehou, sy elke nuanse ontleed vir ʼn leidraad tot sy ingesteldheid. Hy heers oor alles wat hy aanskou…

Totdat ʼn sersant sy teenwoordigheid binnedring. Dan val hy oor sy voete in slaafse, slobberende eerbied om die wil van

hierdie magtiger mens uit te voer. Hierdie sersant is gou om ŉ adjudant-offisier te strek, en die sammajoor huiwer nie om die groenste luitenant te salueer nie. Hierdie luitenant staan op aandag vir ŉ kaptein wat op sy beurt senuweeagtig sal lag oor die flouste grappie van ŉ majoor. En so aan, en so aan. Die bolaag van hierdie koek is die generalestaf en dan die hoof van die leër en die glansrooi kersie is die hoof van die weermag. Hierdie alleruitnemende verteenwoordiger van die ganse weermag – leër, vloot, lugmag en mediese korps – rapporteer aan die minister van verdediging wat aan die land se president verslag doen wat op sy beurt aan die volk rekenskap moet gee. So, die magtigste lede van die weermag is siwwies. Ek en jy. Maar omdat daar nie siwwies in die organisasie is nie, is jou lewe en jou lot, terwyl jy in die mag is, in die hande van enige persoon met ŉ hoër rang as jy.

En dit verduidelik hoekom die troepe om 06h00 aantree vir ŉ parade wat 09h00 op die paradegrond reg langs die kaserne plaasvind.

Dit alles begin wanneer die kolonel sy adjudant inroep met die opdrag die troepe stiptelik om 09h00 op parade te hê. Hy het iets op die hart. Die adjudant staan aan die begin van wat duidelik ŉ lang en roemryke militêre loopbaan gaan wees. Maar hy weet dat elke handeling van hom gemonitor en ontleed word en dat sy vertoning veral geoordeel sal word aan hand van sy vermoë om bevele te gehoorsaam. Hy gaan nie kanse vat nie. Liewers oorversigtig as spyt. So hy werk ŉ halfuurtjie vir die wis en die onwis in sy beplanning in en gee dit deur aan die kompaniebevelvoerders om die troepe alreeds 08h30 gereed te hê. Die kompaniebevs bespreek dit onderlangs. Hulle sommetjies is net so goed soos die adjudant s'n. Hulle wil ook nie kleitrap nie en daarom sê hulle vir

die kompaniesammajoors om die troepe 08h00 aangetree te hê. Gesoute hande wat hulle is, maak die KSM's seker die peletonbevelvoerders weet die troepe moet reeds teen 07h30 reg wees. Dié reël natuurlik met die pelotonsersante (eintlik maar korporaals) dat die troepe paradegereed is teen 07h00. Hierdie korporaals is die laaste linie in hierdie verstommende bevelspiramide. Hulle is die mense wat die grootste risiko loop. As die troepe laat is, sal almal uiteindelik saamstem dat dit die korporaals se skuld is. Die troepe self loop nie hierdie risiko nie. Alles is buitendien en vanselfsprekend en onafwendbaar hulle skuld. Hulle het niks om te verloor nie. Die korporaals het wel. Hulle vat nie kanse nie en dreig die troepe met allerlei gruwels as hulle nie teen 06h00 reeds gespit-en-gepoliesj is nie.

Nou gebeur dit soms dat dit troepe 'n minuut of wat langer vat met ontbyt as wat voorgeskryf is. (Die uitgerekte inspeksie en die blitsrondjaag tussen die vra van die seën en die inskep van die pap het gereeld hierdie gevolg.) So die troepe is eers om 06h02 reg vir parade-aksie. Wat geskeduleer is vir 2 uur en 58 minute later.

Die korporaals besef dat hulle nou so 'n bietjie tyd op hande het. En nou ja, die troepe se traagheid het hulle, die korporaals, se hele dag in gevaar gestel. So doen hulle wat korporaals ook al doen wanneer hulle nie weet wat om volgende met hulleself aan te vang nie. Hulle jaag die troepe. Snaaks hoe die tyd vlieg wanneer 'n mens pret het. Die korporaals is verbaas om te sien dat dit al 07h10 is wanneer hulle die troepe weer aantree. En dit is tien minute laat na die pelotonbevelvoerders se sin. Hulle is oortuig dat 'n bietjie strafdril hierdie laksheid uit die troepe se lywe sal kry. Hulle oorhandig die troepe om 07h45 aan die sammajoors wat besluit om wraak te neem vir die

verlore kwartier met ŉ stywe potjie L.O. vir die troepe. Die kompaniebevelvoerders lê hulle hande eers twintig minute na die uur op die troepe. Korrektiewe opleiding word in hierdie geval geverg. Daar gaan die troepe weer.

Die adjudant ontmoet die troepe om 08h50 en besluit terstond die troepe moet gaan vir ŉ stywe draffie om die basis. Was dit nie daarvoor nie sou die troepe betyds gewees het vir hulle 09h00-afspraak om deur die kolonel uitgevreet te word. Nie dat dit regtig saak maak nie. Die bevelvoerder is ŉ uur laat. So almal is tevrede.

Almal behalwe ŉ paar honderd natgeswete, stowwerige en verwarde troepe wat twee minute laat was omdat die korporaals verslaap het.

*Oh corporal, I wanna go home – sweet home!*



Ek het dié foto's van my persoonlike R1 en R4 in die weermag geneem. Vergewe my daarvoor. Ek weet dit lyk meer soos 'n Edouardo Villa-sameflansing as 'n studie in militêre hardeware, maar in hierdie boek streef ons meer vir outentiekheid as vir kunssinnigheid. Daarom gebruik ons regte foto's deur regte lede geneem. (Dis in elk geval my verskoning.) Dis eers toe ek die foto wou neem, dat ek agterkom my R1 se magasyn het nie saamgekom nie. Daarom is dié primêre stormgeweer van die SAW agter die R4 versteek. Die R4 is ontwerp om Souties in die weermag se "spray en pray"-tegniek te akkommodeer. Die R1 is 'n Boer se roer en jy kan groot skote met hom skiet.